

Ps 92:1,2 Wie sou die Heer nie prys
Ps 119:63 Heer ek is 'n skaap verlore
Ps 9:1,7,10 Ek sal van ganse harte Heer
Ps 91:1,6 Wie toevlug neem in veilge hut

Skriflesing: Gn 28:1-22

Teks: Gen 28:12,15

Tema: 'n Lang genoeg leer

Kerngedagtes: God belooft seën aan Jakob
God bewerk 'n persoonlike ontmoeting met ons
'n Belydenis – Die Here is op hierdie plek

God doen alles om te verseker dat sy kinders by Hom uitkom. Dit te spyte daarvan dat ons soms ons eie kop volg. Al loop ek dikwels ander draaie totdat ek agterkom dat my planne ontoereikend is, verseker die Here my dat Hy my nooit in die steek sal laat nie.

INLEIDING

In sy wildste drome sou Jakob nie kon reken dat hy die Here op so 'n besondere manier sou ontmoet nie.

Pas nadat hy sy familie twee keer bedrieg het, verkeer hy in lewensgevaar en stuur sy Ma Rebekka hom na sy oom Laban in Haran.

Sy haastige vertrek is opvallend:

- Hy gaan na die Huis van Betuel sy oupa
- Daar is sy oom Laban waar hy hulp kon kry.
- Dit was ongeveer 500 myl van sy huidige blyplek in Berseba
- Esau sou hom daar nie maklik inhaal of opspoor nie.
- Ironies – God neem Abraham uit Haran na 'n nuwe begin
Jakob gaan terug op God se Plan weer na Haran.

Net voordat hy vertrek word die Here se belofte van groot seën weer aan hom voorgehou.

GOD BELOOF SEËN AAN JAKOB

Alles wat gebeur staan in die konteks van God se verbond met Abraham.

- Hy ontvang God se seën, vrugbaarheid, groot nageslag en land om in te woon.
- God die Almagtige seën hom.

Maar wat beteken dit dat God seën?

Elkeen hier is vandag ook op pad iewers heen?

Wat is jou omstandighede?

Vlug jy, hardloop jy weg of het jy ook dalk vir God en jou naaste bedrieg?

Dalk is jou huidige omstandighede ook van so 'n aard dat jy voeld at dit nou tyd is om planne te maak?

Dit is nou tyd dat iets gebeur.

Wat is nou in die kerk aan die gebeur?

Ewe donker en benoude omstandighede as die waarin Jakon hom bevind.

Glad nie meer moontlik om God se beloftes raak te sien nie

Eintlik min hoop en vooruitsigte as ons maar kyk na meeewing, kerkgroei en geheelbeeld.

Ons is eintlik ook besig om te vlug. As ek oor kan begin, sal dit beter wees. Maar waarheen gaan ek?

Jakob was op pad na sy oom Laban. Op pad daarheen was sy kop besig:

- Skuldgevoel – familie al twee keer belieg
- Vrees – Esau wil hom doodmaak
- Onbekende - ver reis
- Nie meer onder ma se vlerke nie – wie sal hom nou help?

Teen die tweede dag is hy naby die dorpie Lus en weens uitputting gaan slaap hy sommer in die veld. Al kussing was 'n harde klip,

GOD BEWERK 'N PERSOONLIKE ONTMOETING MET ONS.

En daar, in sy groot benoudheid en onsekerheid droom hy dat hy aan die voet van 'n leer lê, wat tot in die hemel reik.

Juis op daardie plek waar Jakob met 'n slegte gewete doodsbenoud lêen rondrol, daar waar hy dink God wil niks van hom weet nie, dat hy sonder God is, juis daar is die ingang van die hemel.

Toe hy die volgende môre opstaan, sê hy: Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie.... Dit is die poort na die hemel! Die plek waar hy hom nou bevind, daar is God. En waar hy ook al sal gaan, daar sal God wees. God is nooit vêr nie. Selfs daar op ons elkeen se ashoop, daal die Here uit die hemel om ons te ontmoet!

Wat behels die beeld van die leer wat uit die hemel tot op die aarde reik?

- Die hemele geopen is beeld van God se genade -
Genade is om God te "sien" – dit troos Stefanus toe die klippe van die Skrifgeleerdes op hom reën.
- Werkwoord dui op aksie in die verlede waarvan die gevolge tot in die toekoms voortduur.
- Troosvol - Poort tussen hemel en aarde is opgebreek – Mens is weer by God.
- In Christus vergiffenis en redding
- In God se onmiddellike teenwoordigheid
- Belewenis van God se seen
- Vervulling van God se belofte

**Hoor hoe hard weerklink die Here se belofte!
Ek is by jou!! Ek sal jou nooit in die steek laat nie!!**

Hierdie geweldige gebeure laat Jakob wakker skrik.

Niemand kan bly slaap as daar ontmoeting met die Lewende God is nie.

Hy antwoord onmiddelik met 'n belydenis:

Die Here is op hierdie plek en ek het dit nie besef nie!

Hy het nie dadelik besef dat die Here daar was nie. Hy was te besig met sy eie gedagtes.

Sy omstandighede maak hom vatbaar vir die ontmoeting met die Here. Sonder veiligheid, heenkome geld en geheel en al alleen, is dit nou net hy en die Here.

Waar staan jy vanoggend? Tel jou kop van die harde kussing op en skrik wakker.

Kyk wat gebeur rondom jou!!

Wat hou 'n ontmoeting met God vir jou in?

Raak bewus van God se plan met jou Erken dat jy dalk ook vlug Aanvaar God se redding Bely Christus Bid dankbaar

Jakob ontmoet die Here by die dorp Lus. – Onaansienlik, bar, klipperig en nou nie juis 'n plek waar mens die Here sou ontmoet nie.

Die beskrywing is tiperend van Jakob se lewe en gemoed. Hy voel dalk net so.

En in hierdie omstandighede kom ontmoet die Here hom.

Ek is dalk nou juis ook so iewers met 'n woestynreis tussen niks en nêrens.

Huidige omstandighede maak date k die Here nie sien nie en so uitgeput is dat ek my kop sommer op die naaste klip wil neerlê.

Jakob se ontmoeting met die Here is uniek!

- Dit is die eerste keer dat Here met hom praat.
- Ontmoeting met God is altyd persoonlik
- Selfs in my slaap en as ek droom kan Hy met my praat.
- Daar is nie baie ander mense wat engele gesien het nie - nog 'n voorreg
- En die engele is besig – hulle klim op en af – God se boodskappers (NT beskryf engele in diens van die Here ter wille van sy kinders – (Mat 18:10)
- Juis in sy diepste wanhoop beleef Jakob 'n ontmoeting met God!

Verder het hierdie ontmoeting 'n dieper betekenis gehad.

- Met al sy bedrog, het Jakob self probeer verseker wat die Here aan sy voorvaders beloof het. In sy droom ontmoet hy juis nou die Here wat hierdie beloftes uitvoer.
- Met hierdie droom bevestig die Here ook dat Hy nie 'n verafgelee God is nie, maar dat Hy juis met die geringste van sy skepsele bemoeienis maak.

Die beeld van die leer is die bewys van God se bedoeling!

Hy is nie ver in die hemel en ek alleen op die aarde nie. Die leer verbind ons. Daar is direkte kontak.

Die Here is nader as wat Jakob gedink het. Nie net by Berseba nie, maar oral waar hy al beweeg het.

God kom ontmoet my in my nood. OOK HIER IN BELVILLE

God sien alles raak en bou 'n brug na ons.

Jakob se droom beklemtoon dat God naby is.

God bevestig dit in vers 14 en 15 wanneer Hy sy beloftes herhaal. Die Here spreek elkeen van Jakob se behoeftes aan. Hy het God verwerp, sy mense bedrieg, moes vlug en was sonder 'n nageslag.

God se belofte neem dit alles weg.

Maar meer nog. Dit raak ons hele bestaan. Hoor wat die Here vir jou doen

Verlede – skuldgevoel weggeneem
Hede – onsekerheid weens omstandighede
Toekoms - vrees

Besef jy ook nou dat die Here vandag hier teenwoordig is?

Hoe sal jy antwoord as jy wakker gemaak word?

Jakob antwoord met 'n belydenis.

'n BELYDENIS – DIE HERE IS OP HIERDIE PLEK.

Dit is niks anders as die bewys dat God altyd met alles 'n doel het.

Dit bevestig dat God vooruitsien.

Dit is troosvol – nog voor ek aan iets dink, het die Here dit reeds beplan. – so die ontmoeting met Jakob aan die bopunt van 'n leer vol enegele.

Die Here het klaar 'n oplossing vir die probleme waarvan ek nog nie eers weet nie. – Dit is bo ons begrip.

As jy dink die Here loop nie elke tree saam met jou nie, is jy reg. Hy is al klaar vooruit om alles reg te kry.!

Diep onder die indruk hiervan bely Jakob dat die Here op daardie plek is.

En dit is skrikwekkend!

Besef jy die Here is hier? Nou op hierdie oomblik. In hierdie kerkbanke?

Deur Christus woon die Here se Gees hier.

In ons harte en lewens!

Sien dit raak en word opgewonde oor die Here se verlossingswerk!

Sy huis is hier!

Die Here is Alomteenwoordig

Hy is ook nou by die hospitaal, langs elke siekbed, by die vervolgdes, saam met die eensames, in die kar saam met my kinders oppad universiteit toe, in elke belangrike vergadering, by elke gesprek en ook nog by my!

SLOT

In Christus is daar 'n lang genoeg leer wat vanuit die hemel tot by my omstandighede strek!
Jakob bely dat die Here op hierdie plek **IS**.

Die werkwoord beteken dat die Here steeds by ons is. Dit is nie 'n verlede tyd werkwoord nie. Dit geld steeds.

God se teenwoordigheid is nooit afhanklik van wat ek dink en voel nie. Hy is altyd hier.

Maar belydenis moet ook sigbaar wees.

Diep onder die indruk van wat gebeur het, en terwyl Jakob nog uitroep hoe skrikwekkend dit is dat die Here daar is, bou hy 'n altaar.

Die altaar was die sigbare uitbeelding daarvan dat die Here naby is. Jakob gebruik somer die dinge naaste aan hom hiervoor. Die harde klip word nou die beeld van die Here se sagte koesterende liefde.

Op 'n kussing slaap jy.
Op 'n altaar offer jy!

Jakob se droom word in die Nuwe Testament vervul in die Evangelie volgens Johannes:

- Joh 1:51 – Natanael sien die engele van God op- en afklim
- Joh 14:6 - Jesus is die weg en die waarheid en die toegang tot die ewige poorte.

Wat ookal my omstandighede mag wees
Hoe dit ookal in Belville mag lyk,
In die diepste kamer van my hart
In die swartste van my worstelinge

In Christus is daar altyd 'n lang genoeg leer tot by God.

AMEN